1966



IN KLEUR: Met die R.S.A. Suidpool Toe

# S.A.N.A.E. 7

# VOORBEREIDINGS

# S.A. se grootste Suidpoolspan word superfiks gemaak

(Pretoriase Redaksie)

**ELKE lid van die sewende Suid-Afrikaanse ekspedisie wat op 27 Desember na die Suidpool vertrek, sal liggaamlik fiks genoeg wees om onderwerp te word aan 'n temperatuur wat tot minus 50 grade Celsius daal.**

Die vyftien spanlede doen al die afgelope maand oefeninge wat deur die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport voorgeskryf is om veral hul uithouvermoë en krag te ontwikkel. Van Woensdag af word 'n intensiewe oefenprogram deur al die lede van S.A.N.A.E. 7 aan die militêre kollege op Voortrekkerhoogte onder toesig van sport-offisiere van die Weermag gevolg.

Dit is die eerste keer dat 'n spesiale fiksheidsprogram deur ekspedisielede gevolg word. Hulle sal ook die eerste persone wees wat inskryf vir die brons-, silwer- of goue medaljes van die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport.

## ONTBERINGS

Die ontsettende koue waaraan ekspedisielede blootgestel word en die groot liggaamlike inspanning wat van hulle geverg word, het die Departement van Vervoer, wat die Suid-Afrikaanse ekspedisies na die Suidpool reël, laat besluit om so 'n fiksheidskursus aan te bied sodat alle lede van S.A.N.A.E. 7 en die daaropvolgende spanne sonder ongerief die groot ontberings kan deurstaan.

Wanneer die span aan boord van die RSA in die Suidpool aankom, word daar van elke lid verwag om saam met die terugkerende span 500 ton proviand af te laai. Hierdie proviand word dan met trekkers en hondeslee twaalf myl ver na die Suid-Afrikaners se basis vervoer.

Die spanlede moet egter te voet die twaalf myl aflê en as 'n mens swaar geklee is om die ontsettende koue af te weer, kan dit 'n skrikwekkende tog wees as jy nie absoluut fiks is nie.

## BINNENSHUIS

Die oefeninge wat sowel die krag as uithouvermoë van die spanlede opbou, sal dit vir 'n span-lid baie makliker maak om byvoorbeeld swaar konkas brandstof van die R.S.A. op die trekkers te laai. Spesiale oefeninge sal ook sorg vir sterker roeikrag aangesien ekspedisielede dikwels moet roei. Ook aan die spanlede se swemvermoë sal besondere aandag geskenk word.

Sekere tye van die ongeveer veertien maande wat die span in die Suidpool vertoef, byvoorbeeld wanneer sneeustorms woed, bring die span binnenshuis deur en dan is dit noodsaaklik dat hul fiksheid gehandhaaf word deur met die oefeninge voort te gaan.

Die Suid-Afrikaanse spanne was tot dusver nog baie gelukkig wat ongelukke in die Suidpoolgebied betref. Slegs een keer, gedurende die 1964-span se verblyf aldaar, is een van die Suid-Afrikaners beseer toe hy in 'n skeur geval het. Sy spanmaats moes hulle geweldig inspan om hom daar uit te trek, en een se hande het in die proses baie verbrand.

## GROOTSTE

Die komende ekspedisie is die grootste uit die Republiek wat nog na die Suidpool vertrek het. Die vorige grootste span het uit veertien lede bestaan. Vir die vyftien poste wat geadverteer is, is ongeveer sestig aansoeke ontvang. Vir die leierspos was daar vyf aansoeke.

Mnr. S. Kavanagh, 27-jarige leier van die span, is 'n landmeter en was in 1962 ook saam Suidpool toe. Hy is ongetroud en sê dat slegs drie van die vyftien lede van S.A.N.A.E. 7 getroud is. In 1962 was daar ook baie meer aansoeke, het mnr. Kavanagh gesê. Toe het ongeveer 300 mense aansoek gedoen om Suidpool toe te gaan.

Ekspedisielede word aan 'n strenge keuring onderwerp, sê mnr. H. S. van der Walt, Adjunksekretaris van Vervoer. Hulle moet aan streng sielkundige toetse vir stabiliteit in afsondering onderwerp word. Verder ondergaan hulle mediese toetse deur die Geneesheer-generaal en moet godsdienstig georiënteer wees.

DES.

1965



**Om 'n kanka vol brandstof te dra, is bra 'n ongemaklike taak. Dit is egter een van die kunsies wat die lede van SANAE 7 teen wil en dank moet aanleer.**

# SANAE-manne swoeg en sweet in hitte

(Pretoriase Redaksie)

DIE VOLGENDE TWEE WEKE lê daar swoeg en sweet in die skroeiende son van Pretoria voor vir die 15 lede van die sewende Suid-Afrikaanse ekspedisie na die Antarktika.

Die span, bekend as Sanae 7, onder leiding van Sean Kavanagh, is tans besig om 'n fiksheidsprogram te ondergaan wat spesiaal vir hulle opgestel is deur die S.A. Federasie vir Jeug en Sport.

Hoewel die span meestal uit wetenskaplikes en werktuigkundiges bestaan, lê daar in die poolgebied harde hardearbeid vir hulle voor wanneer dit kom by die aflaai en vervoer van die voorrade.

## *Eerste keer*

Waar die manne tans in temperature van oor die 80 grade F. oefen, sal hulle vroeg in Januarie hul werk voortsit in temperature so laag as minus 40 grade Celsius.

Die span vertrek op 20 Desember van Kaapstad en as hulle nie in ys vasval nie, sal hulle 10 dae later in die Suidpoolgebied wees.

Die oefeninge is vir uithouvermoë en krag opgestel, en dit is die eerste keer dat 'n Suidpoolspan so iets onderneem.

Van die landingspiek tot by die basis moet al die voorrade en apparaat vir die verblyf van 13 maande oor 'n onherbergsame 12 myl van sneeu en ys vervoer word.

Hoewel daar trekkers is, word baie van sleë wat deur honde getrek word gebruik gemaak en die aflaai rus op die skouers van die span.

## *Kookkuns*

Die span sal ook drie dae lank by die Pretoriase brandweerstasie onderrig ontvang in die blus van brande en algemene voorkoming van brand. Hulle ontvang ook twee dae lank onderrig in kookkuns by die Departement Landboutegniese Dienste se kookkuns afdeling.

Hoewel die basis tans tussen ses en agt voet onder sneeu begrawe is, bestaan daar altyd 'n gevaar van brand.

Die oefeninge wat die span ondergaan, sluit die optel en dra van swaar voorwerpe in, lang ente hardloop, klim en ander weerstandoefeninge.

Die hele span is [illegible] ruimd en sien uit [illegible] maande in die ysko[illegible] sneeuwêreld.

## Fitness Course



*Eight members of South Africa's 1966 Antarctic expedition team struggle to lift a wooden beam as part of a fitness course being undertaken in Pretoria. The team leaves for the "white South" on December 30.*

# Team Training For Antarctic

THE FITTER A MAN IS, the more chance he has of survival in the Antarctic, South Africa's latest Antarctic expedition leader, Mr. Sean Kavanagh, said this morning at a Pretoria gymnasium where the expedition members are undergoing an extensive training course.

The expedition will leave Cape Town on board the "R.S.A." on December 27 this year for a 15-month stay at the South African Antarctic base where they will conduct scientific experiments.

Mr. Kavanagh was a member of the 1962 Antarctic team which built the South African base camp. After the first year, he explained, the huts were 5ft. below ground level. At the moment, the camp is 15ft. below ground level and access is gained through vertical shafts leading to the surface. All the huts are constructed of laminated wood beams and plywood panels.

The 15-man team will wear thick woollen jerseys and underclothes, arranged in layers, covered by a windproof outer garment. When the men become too hot, they will discard their clothing layer by layer until they are sufficiently cool, Mr. Kavanagh explained.

### DOG HANDLING

"Your mental attitude is affected by your standard of physical fitness," he said, commenting on the strenuous three-week training programme the members are undergoing. In addition to physical exercises, team members will also be taught different knots, cooking and fire-fighting techniques. They have already had training in dog handling.

In the first week at the camp the members will have to perform a "tremendous amount" of physical labour, digging up drums of diesel fuel and equipment which has been covered by snow. All the equipment has to be transported from the ship to the base by sledges.

While in Antartica, the group will co-operate with scientists from other nations, exchange data and ideas. The team will probably be away for from 12 to 13 months, but — if the ship fails to get through — two years."

*MINUTES FROM DISASTER*

# Dramatic escape from ice by RSA

From Our Correspondent

Cape Town, Friday.

IN HER NARROWEST ESCAPE in six years of Antarctic voyaging, the South African supply ship RSA, which docked in Cape Town today, was nudged by a 40,000-ton shelf of ice which peeled dramatically off a frozen cliff and smashed into the bay where she was.

The ship returned today with the 1966 team which spent a year at South Africa's weather base on Queen Maud Land.

Chief Officer Ernst Funk was taking the 1,573-ton ship out of the bay when the huge block — nearly 40 times the size of the vessel — began its cascade into the narrow bay.

If it had split off two minutes earlier, when the RSA was closer and at a lesser speed, she would have been seriously damaged, and perhaps even capsized.

The Chief Officer, who was on the bridge, had been using the ship's bow to carve away two ice points on a cliff in the U-shaped bay, which was to have become a landing point for the ship.

At 10.15 a.m. on February 2, the site — called a bukta — was ready for use. The ship's log for the day reads: "10.20 a.m. bukta starts carving."

The Chief Officer turned the ship to port, heading out of the bay to another to put ashore the team.

"I was going half speed ahead when I saw bubbles on the starboard side, at the corner of the cliff. I knew this was trouble and I rang for full speed.

### POPPED UP

"A huge chunk of ice which must have risen from the bottom of the ice cliff 120ft. down popped up suddenly. Then another piece broke away about 250ft. away.

"The in-between section, which was 250ft. long, about 80ft. wide and 160ft. high, broke off and slid down into the water, turning over.

"We were going full speed and we must have been 100ft. away when a section of the breakaway piece touched us on the starboard stern. In a few moments the whole bay was filled with crumbled ice."

### IF . . .

If the R.S.A. had gone alongside the Bukta and put men ashore to begin discharging they would have been engulfed by the plunging tons of ice.

"What I thought was our greatest danger was that first piece of ice popping up. If that had come up under us from the depth it would not have been so good," said Mr. Funk.

A member of the returning weather team described the spectacle as "stupendous but frightening."

Mr. Funk was phlegmatic about the incident today, but an onlooker with him at the time said his description of it was unprintable.



*An instructor shows the correct way to lift a heavy container.*

## ANTARCTIC EXPEDITION

# Training in the heat for the icy wastes

The Star's Pretoria Bureau

**IN THE SWELTERING HEAT of Pretoria, where temperatures are 80deg. Fahr., 15 black-clad men sweat and run with barrels, logs and lead weights—in training for icy wastes 3,000 miles to the south where temperatures reach minus 40deg. C.**

For these men, the next 20 days will be a nightmare of exertion and hard labour.

Known as SANAE 7, they are all members of South Africa's seventh expedition to Antarctica, due to leave on board the R.S.A. on December 30.

Till then, they will undergo intensive training in fire-fighting, cooking and knot-tying when the P.T. course ends.

They have already been trained in dog-handling.

Under the leadership of Mr. Sean Kavanagh, the team will stay in the frozen wastes for 13 months where they will conduct scientific experiments.

Meanwhile there is nothing ahead but hard work.

Every day their programme comprises road running, supplemented by hours of physical exercises specially selected to toughen them up.

They are taught to pick up 44-gallon drums in certain ways so as to minimize the amount of effort spent on tasks, and to lift weights similar to those to be used on the trip.

The main object of the training period is to build up reserves of endurance and strength.

They will have to be fit indeed. Although tractors are often used, dog teams are an important means of transport and the loading and unloading of these teams rests on the shoulders of the members.

In Antarctica, the men will camp 15ft. below the ground. Access is gained through vertical shafts leading to the surface.

All huts are constructed of laminated wood beams and plywood panels.

### DIGGING UP

In the first week at camp, the members will have to perform a tremendous amount of physical labour, digging up drums of diesel fuel and equipment which has been covered by snow.

All the equipment has to be transported from the ship to the base by sledges.

While in Antarctica, the group will co-operate with scientists from other nations and exchange data and ideas.



# UPS-A-DAISY FOR ANTARCTIC MEN




Members of the 1966 South African Antarctic expedition are undergoing a rigorous physical training course in preparation for their 13-month stay in the Antarctic.

The course, which is to last three weeks, is being held at Voortrekkerhoogte.

The leader of the expedition, Sean Kavanagh, who will be going for the second time, is on the left with Durant Barnard, one of the radio operators.

It was announced in Pretoria last night that a new post, that of geophysicist to study aurora and air glow, had been established. It will be held by Mr Huube Czniak.

## Breakfast quip



"In training for his 13-month stay with the 1966 expedition in the Antarctic!"



S. Kavanagh — leier.



R. D. Barnard — radiotegnikus.



R. G. van den Heever — radio-operateur.



H. Czanik — geofisikus (luggloed).

# Gaan vername navorsing in koue doen



W. J. van Staden — werktuigkundige.



S. M. Verbeek — weerkundige.



Dr. J. A. Schonees — geneesheer.



H. D. Poole — geomagnetikus.



C. Wolfaardt — senior weerkundige.



H. J. Fulton — senior werktuigkundige.



S. Venter — weerkundige.



H. A. Bastin — geoloog.



E. de Ridder — geoloog.



D. P. Homann — geofisikus (ionosfeer).



J. Smith — geofisikus (kosmiese straie).

Vanjaar se span is: S. Kava-
nagh B.Sc. (leier), S. M. Ver-
beek B.Sc. (weerkundige), R.
G. van den Heever (radio-opera-
teur), D. P. Homann B.Sc. (geo-
fisikus/ionosfeer), S. Venter B.-
Sc. (weerkundige), W. J. van
Staden (werktuigkundige), H.
D. Poole B.Sc. (geomagnetikus),
J. S. Smith B.Sc. (geofisikus/
kosmiese straie), E. de Ridder
B.Sc. (honns, geoloog), H. J.
Fulton (senior werktuigkundige),
C. Wolfaardt (Nasionale Diplo-
ma vir Tegniek, senior weerkun-
dige), H. A. Bastin (Dipl. Geol.,
Geoloog), dr. J. A. Schonees (ge-
neesheer), H. D. Barnard (radio-
tegnikus) en H. Czanik B.Sc.
(lug. geofisikus/luggloed).



# THE WHITE SOUTH

*Above: An iceberg, one of the hundreds of frozen sentinels of the south, close to the RSA on her voyage to the South African scientific base in Antarctica. Below: To provide water for the huskies brought aboard at the Belgian base, the RSA goes close to an iceberg, and Mr. A. Krause, the third mate, shovels snow aboard. Huskies have never seen water that is not frozen and will not drink from a bucket. They will only take mouthfuls of snow and ice.*



# AANSIEN VAN S.A. STYG BY POOL

**Van Ons Politieke Beriggewer**

PRETORIA.

**NUWE INLIGTING wat oor Suid-Afrika se navorsingsbasis by die Suidpool bekom is, verhoog die wetenskaplike belangrikheid daarvan aansienlik.**

Hierdie nuwe gegewens toon aan dat die basis binne die gebied van die Suidelike Stralingsanomalie lê, wat meebring dat die boonste atmosfeer maklik deur die geringste verandering in die toestand van die stralingsgordels en sonaktiwiteit beïnvloed word. Belangrike publikasies en werke het nou reeds verskyn, terwyl ander verwag kan word.

Dit is vir die Republiek baie gelukkig, want dit verhoog sy aansien en belangrikheid as land wat navorsing in die Antarktika doen.

Suid-Afrika se sewende Suid-Afrikaanse Nasionale Antarktiese Ekspedisie (SANAE 7) vertrek Donderdag aan boord van die RSA uit Kaapstad na die Antarktika, waar hy die volgende dertien maande hoogsbelangrike wetenskaplike navorsingswerk sal doen. SANAE 7 bestaan uit 15 jong en fikse Suid-Afrikaners.

## Vordering

Sedert Suid-Afrika die basis in 1960 oorgeneem het, het sy wetenskaplikes heelwat belangstelling in die navorsing gestel wat daar gedoen word. Behalwe weerkundige waarnemings, het die wetenskaplike belangstelling uitgegaan na aardkundige waarnemings soos geomagnetisme en gletserkunde en die geologie en kartering van die omgewing, asook die bo-atmosferiese waarnemings soos die ondersoek van die ionosfeer, aurora of pooliligverskynsels, luggloed en kosmiese strale. Aansienlike vordering is met die ondersoeke gemaak.

Belangrike publikasies kan binnekort verwag word oor navorsing en waarnemings wat sedert 1964 gedoen is. Dit sluit nie net ionosferiese waarnemings in nie, maar ook van die navorsingsprogramme oor kosmiese strale, kosmiese radiogolwe en luggloed.

Hierdie werk stel verskeie studente aan die Universiteite van Rhodes, Potchefstroom en Stellenbosch in staat om M.Sc.-verhandelings en doktorsgraadproefskrifte uit te werk op onderwerpe wat vandag midde in die belangstelling van ruimtewetenskappe staan.

## Erkenning

Deur die werk wat Suid-Afrika se jong wetenskaplikes by die basis doen, word die Republiek in staat gestel om vir hom in hierdie uiters aktuele en belangrike wetenskaplike en tegniese gebied internasionale erkenning te verower. Ná die inwinning van die navorsingswerk moet die wetenskaplike waarnemers hierheen terugkeer om die resultate te verwerk, vertolk en te publiseer.

Noue voeling moet steeds gehandhaaf word met ons groepe om op die hoogte te bly van hul navorsingsresultate van grondbasisse en satelliete af, om deur vergelykings afleidings te kan maak wat teruggevoer kan word na die besondere ligging van Suid-Afrika se basis in 'n gebied met uitsonderlike en anomale verskynsels.

Resultate wat Suid-Afrika se wetenskaplikes ingesamel het, het reeds verskeie publikasies in internasionale tydskrifte en voordragte op internasionale konferensies tot gevolg gehad.

Die span wat Donderdag vertrek, is, afgesien van die wetenskaplike agtergrond waaroor hulle beskik, ook baie goed toegerus om vir hulle in die afgesonderde Antarktika te kan sorg.

## Fiks

Hulle is besonder fiks nadat hulle 'n kort kursus afgelê het. Dit is deur die Suid-Afrikaanse Federasie vir Jeug en Sport in samewerking met die Weermag opgestel. Hulle het daarna aan die nasionale fiksheidkompetisie deelgeneem en vyf goue, vier silwer- en vyf bronsmedaljes verower. Hulle is onder meer onderrig in brandbestryding en koskook.

Die reis van Kaapstad na die basis duur sowat twee weke. In die Poolse Ysbank, sowat 12 myl van die basis af, sal hulle die RSA verlaat. Met die lede van die terugkerende SANAE 6-span sal hulle sowat 600 ton voorrade van die RSA moet aflaai, waarvandaan dit met trekker en slee na die basis vervoer sal word. Sowat ses ton kan per keer op 'n slee vervoer word. Die voorrade bestaan hoofsaaklik uit toerusting, brandstof en kos.

*R.S.A. VERTREK NA SUIDPOOL*

# Matie Sal Suiderlig met Luggloedmeter Bekyk

**Van Ons Stellenbosse Verteenwoordiger**

STELLENBOSCH.

WANNEER die Suid-Afrikaanse navorsingskip R.S.A. vandag na die Suidpoolbasis SANAE vertrek, sal daar onder die manne en die vrag 'n jong Matie en twee luggloedmeters wees — een is spesiaal ontwerp om die Aurora en suiderligte te bestudeer.



*EEN van die luggloedmeters wat deur die Universiteit van Stellenbosch gebou is en vandag met die R.S.A. na die Suidpoolgebied vertrek.*

Die Matie is mnr. H. Csanik, wat in 1952 uit Nederland na Suid-Afrika gekom het en onlangs die graad B.Sc. B.Ing. verwerf het. Hy en sy maats sal dertien maande lank in die Suidpoolgebied vertoef.

Al die apparate wat hy saamneem, is ontwerp en gebou deur die departement van fisika aan die Universiteit van Stellenbosch. Die werk is gedoen onder leiding van prof. dr. P. B. Zeeman, bygestaan deur die hoofelektronikus, mnr. F. M. Hamm, die elektronikus, mnr. G. Daubitzer, mnr. H. Lohberg, werktuigkundige, en ander.

Die een luggloedmeter is spesiaal ontwerp om die Aurora en suiderlig te bestudeer. Dit is moontlik om die instrumente soos 'n teleskoop heen en weer te stel sodat interessante suiderligte wat kan voorkom, bestudeer kan word. Die ander instrumente sal deurentyd na die senit, d.w.s. die hoogste punt van die hemelruim, gerig wees.

Die instrument werk heeltemal outomaties. Verskillende ligfilters word outomaties in die ligpad gebring en die waarnemings op 'n registreerder aangeteken. Op dié manier sal duisende gegewens in die loop van die jaar versamel word.

## BAIE KOS

Die R.S.A. het 'n bemanning van 16 blankes en 23 nie-blankes, herig ons skeepsverslaggewer. Kapt. K. T. McNish is die gesagvoerder.

Die afgelope week is voorrade vir die skip, asook vir die basis Queen Maud, waar die Suid-Afrikaanse span 'n jaar moet vertoef, ingeskeep.

Die meeste kos is in blikkies, insluitende die melk. Baie vars vleis, wors, groente en vrugte word ook saamgeneem. Onder die voorrade is ook sewe ton walvisvleis vir die sleehonde.

Mnr. Kobus van der Walt van Potchefstroom sal vanjaar vir die vierde keer op die R.S.A. na Antarktika vaar. Hy vat 157 silinders vol waterstofgas en ballonne om die kosmiese strale te toets, saam. In die ballonne is transistorradio's om die densiteit van die strale terug te send. Op die skip het hy 'n neutrometer van vier ton en by die basis een van agt ton.

Genoeg voorrade vir 'n lekker vleisbraaiery word ook saamgevat. Die vleisbraaiery word die aand voor die R.S.A. op sy terugtog vertrek daar op die ys gehou. Die heildronk op die nuwe aflosspan word met vonkelwyn ingestel.

Just this article



**GOEIE REIS!**

"R.S.A."
30-12-1965

Lieve Familie,

Hartelijk bedankt voor de mooie foto's. Ze zijn erg mooi.
Wij vertrekken vanavond 10 uur, het vertrek is 'n paar uur uitgesteld. De zee is kalm, dus hopen wij van het beste voor een rustige reis.
De foto's (Dias) stuur ik met de boot mee terug, bewaar ze maar goed.
Groetjes, en alle beste wensen voor een voorspoedig nieuw Jaar.

Liefs,
Henk.

# S.A. Navorsers

'n Aantal navorsers uit Suid-Afrika het in die suidpoolgebied aangekom. Hulle is met die navorsingskip R.S.A. daarheen. Voor hul vertrek na Sanae in Antarktika het hul familie en vriende by die skip van hulle afskeid geneem, want hulle sal ongeveer 'n jaar weg wees en op en onder die ys lewe. Hul woonkwartiere is kamers wat in ys uitgegrawe is.

# Bly 'n Jaar op Ys

Vir hierdie Suid-Afrikaanse wetenskaplikes is daar alle moontlike nodige geriewe aangebring. Daar is selfs 'n tuintjie wat elektries verlig word waarin kropslaai, radyse, tamaties en tulpe gekweek word. Die foto's op hierdie bladsye is 'n uur voor hul vertrek deur Foto-Beeld geneem.



**REGS:** Mnr. H. Czanik van die Universiteit van Stellenbosch, neem afskeid van sy broer, mnr. I. Czanik (regs), sy skoonsuster en niggie Ineke. Hy is 'n student in ingenieurswese en sal die liggloed en aurora in Antarktika bestudeer.



DIE YSLAAG oorkant die baai waarin die R.S.A. vasmeer. Soms raak dit warm en dan dra 'n mens net 'n hemp, soos op dié foto.

25 JAN 1966

ZCZC CLD010 10.20
LETTER SANAE CZANIK

ADDRESS 32

BESTE FAMILIE
ALLES OK HIER X WERK HARD MAAR LEKKER X SKYFIES KOM
MET SKIP X ETE GOED EK IS KOKVIR 4 DAE X BAIE GESELLIG MET
FILMS KLASIEKE MUSIEK EN BIER X GEEN LAS VAN KOUE X ALLES
HIER BAIE SKOON X VOLGENDE WEEK JOOP X GROETE AAN OOM LACY
X ALLES VAN DIE BESTE

LIEFDE
HUUB

NNNNZCZC CLD031 14.33
LETTER SANAE CZANIK.

21 FEB 19[illegible]

ADDRESS 32 RPT 32

DANKIE VIR BRIEF .
ALLES OK HIER .
DOEN ALLE SOORTE WERK.
IS OFFISIELE FOTOGRAAF HET OOK GEHELP MET KLEIN OPERASIE.
VERDER OOK ALGEMENE WERK.
HET AL BEGIN MET OPSTEL VAN APPERATE VIR MY PROGRAM IN WINTER.
HET MIDDELMATIGE STORM GEHAD .
GAAN MISKIEN LATER UIT MET TREKKER VIR OPMETINGS.
MOONTLIK OOK MET TRIP BERGE TOE NA WINTER.
GAAN BAIE GOED MET MONA UITEINDELIK STABILITEIT .
BAIE GELIKKIG.
GROETE AAN OOM PACY.
LIEFDE,
HUUB.



**'N YSBERG in wording**, besig om van die Antarktiese ysiaag weg te breek. Suidpoolysberge, hoewel soms tien myl lank en 'n myl wyd, is minder gevaarlik as dié van gletseroorsprong in die noorde, en 'n skip kan tot langsaan hulle vaar omdat die wande min of meer reguit is.

7 MEI 1966

ZCZC CLD018 10.39

LETTER CZANIC SANAE

ADDRESS 32

BESTE FAMILIE
ALLES GOED HIER X WAS VANDAG 30 KILOMETER VAN BASIS VIR OPMETINGS WERK EN HET EERS VROEG SOGGENS TERUG GEKOM X SONSON=
=DERGANG EN MAAN FANTASTIES MOOI X BESTE BESKRYWING VAN LANDSKAP WIT WOESTYN X STERRE HEMEL PRAGTIG X SAL BAIE MOOI SKYFIES HE X WERK LEKKER ~~EN ATOE E E E E~~ EN ATMOSFEER BAIE GESELLIG X SPEEL BAIE SCRABBLE EN EK HOU REKORD TELLING VAN 195 X GAAN BAIE GOED AAN MET MONA DINGE HEELTEMAAL ANDERS AS PAAR MAANDE GELEDE X NOG BAIE GELUKKIG HIER X

LIEFDE
HUUB

ZCZC CLD015 11.40

16 MEI 1966

LETTER SANAE

CZANIK

ADDRESS 32

ALLES OK HIER X BAIE GESOND X KIEME VREK VAN KOUE X HET OPMETING EN VERKENNING GEDOEN X KAART BESKIKBAAR X NAVRAE BY VERVOER FORUM GEBOU NABY RACALL X MET MONA BAIE GOED MAAR OPROEP MISLUK X SAL VERKIES OM MET HAAR TE PRAAT 7 APRIL TENSY U OPROEP BAIE DRINGEND X NOG NIE MET HAAR GEPRAAT EN U HET DABEM RUURDS X PROBEER ASB VERSTAAN X SAL BLY WEES AS U VIR MONA SKRYF SY VOEL NOG BAIE VREEMD X EENDAG SAL SY DEEL WEES VAN FAMILIE VIR MY GEEN ANDER KEUSE X
LIEFDE HUUB +




HOEWEL PLANTELEWE so te sê ontbreek, is daar heelwat voëls en soogdiere in Antarktika. Die ~~keiser~~-pikkewyn (op die foto), wat sowat 30 duim hoog word, is 'n vriendelike, vreeslose ysbewoner, effens minder nuuskierig as die Adélie-pikkewyne, wat kleiner is.



Uiterst rechts: Een unieke, achtmaal belichte opname van het moment waarop de zon ondergaat en het mysterieuze verschijnsel van de Poolnacht begint.

ZCZC CLD018 13.53
LETTER CZANIK SANAE
ADDRESS 32 RPT 32
BESTE FAMILIE
ALLES OK HIER X JAMMER VIR DAAT BRIEF X SON VIR LAASTEKEER GESAK
VIR TWEE MAANDE X WINTER IS HIER AS DIT NIE MINUS 40 C IS NIE
WAAI DIT 100 MPU X NOG STEEDS PROBLEME MET APPERAAT X
DIT HOU DIE PROGRAM OP MAAR DAAR IS DAAREM NOG HOOP X NOG MAAR
BAIE ONS EKERHEID OOR MONA LATER MEER DETAILS X TENSPYTE VAN
PROBLEME IS DIE TYD HIER BAIE AANGENAAM X EK OORWEEG DIT OM VOLGENDE
JAAR AAN TE BLY AS LANDMETER X MAAR EK WEET NOG NIE SEKER NIE DAAROM
STEL EK BAIE BELANG IN GOEIE BETREKKING IN REPUBLIEK X
SAL VERKIES OM IN KAAP TE WERK MAAR DIT SLUIT PRETORIA NIE UIT
NIE X AS DAAR GOEIE BETREKKING IS BY PRETORIA STADSRAAD OF
DERGELYKS MET SALARIS VAN R250 EN MEER LAAT WEET MY ASB X
PRAAT EERSTE DONDERDAG IN JUNIE MET JOOP BY RACALL X
GROETE AAN OOM LACI EN ALLES VAN DIE BESTE
LIEFDE
HUUB

20 JUN 1966

NNNNZCZC CLDO21 14.51
LETTER CZANIKSN SANAE
ADDRESS 32 RPT 32
BESTE FAMILIE
ALLES OK HIER X BAIE VERHEUG EN VERBAAS MET JOOP EN RYKJEN SE PRESTASIES X GENIET LEWE HIER BAIE MAAR DINK TOG SAL NIE TWEEDE JAAR BLY NIE DIS TE KOUD HIER IN MEER AS EEN OPSIG X MET MONA DINGE NOG BAIE DEURMEKAAR IS AL AMPER RAADOP X AS DINGE AANGANG SOOS NOU IS DIT VOOR DIE EINDE VAN DIE JAAR KLAARPRAAT TUSSEN ONS X WIL VOLGENDE JAAR MISKIEN VERDER STUDEER IN BELVILLE VIR MBA NA UURS X DIS MESTERGRAAD IN BESTUUR EN ADMINISTRASIE SPESIAAL VIR PROFESIONELE MENSE X AS EK DIT HAAL IS EK NOG NET PAAR JAAR VAN DOKTERS GRAAD AF MAAR NIE IN INGENEEURSWESE MAAR IN IETS SOOS BEDRYF SEKONOMIE X X IN SIVIELE RIGTING IS DIT IETS NUUTS DAAR ~~IS DUR E E E~~ IS DUS GROOT TOEKOMS X ONGELUKKIG WIL MONA NIE SAAMSPEEL NIE EN WIL EENDAG TROU ANDERDAG WEGLOOP X SIEN NIE KANS VIR SULKE SPELE TJIES NIE TERWYL EK STUDEER NIE GAAN DUS MISKIEN IEMAND SOEK WAT MEER STABEEL IS X OMGEWING HIER BAIE GOED OM JOUSELF TE LEER KEN EN EK VOEL AL BAIE MEER VOLWASSE AS EERS X APPERAAT NIE BESTAAD ~~EEN TOESTAD E E E~~ EEN TOESTAND HIER EN MY PROGRAM IS BAIE BELEMMER X HET DAREM BAIE WERK AS AMPTELIKE FOTOGRAAF X
GROETE AAN OOM LACI
LIEFDE
HUUB

19 JUL 1966

ZCZC CLDO24 15.02
BRIEF CZANIK SANAE.

ADRES 32.

BESTE FAMILIE,
ALLES NOG GOED HIER X HET DAREM NOG WERK TENSPYTE VAN APPERAAT X SAL VANAF MIDDEL SEPTEMBER TOT NUWE JAAR IN BERGE 300 KILOMETER SUID VAN BASIS WEES SAAM MET DIE GEOLOGE X MONA HET IEMAND ANDERS GEKRY EN DIT KORT NADAT SY DIE MOONTLIKHEID VAN TROU VOLGENDE JAAR GEOPPER HET X HET PAAR WEKE TERUG BRIEF GEKRY WAT ALLES VERDUIDELIK X BEPLAN TOER VIR MAART EN SAL INSLUIT OOS TRANSVAAL NATAL TUINROETE KAAP EN ~~MEE E E EN~~ MISKIEN SUIDWES XSAL GEEN WERK BY STELLENBOSCH HE NIE EN WIL VANAF APRIL IN PRETORIA WERK X SON SAL BINNE PAAR DAE WEER OPKOM X WEER IS SKAFLIK EN TEMP BLY TUSSEN MINUS 20 EN 40 C X DAAR IS MINDER STORMS VERLANG AL BAIE NA WARM OMGEWING.
LIEFDE,
HUUB.

SANAE/191500SH.

NNNNZCZC CLDO25 11.40
LEE

194

1 AUG 1966

TJAD12
LETTER CZANIK SANE
ADDRESS 32 RPT 32
BESTE FAMILIE
SON HET WEER VERSKYN WINTER NOU VERBY MAAR EINTLIKE KOUE
KOM NOU EERS X WAS GISTER VIR EERSTE KEER NA WINTER UIT MET TEMP
VAN MINUS 40 C WAS HEELDAG NABY KUS VIR OPMETING
EN SEF HEELTEMAL GEVRIES X RAAK NOU KOUE GEWOOND NOG NET DIE NEUS
WAT KORT KORT BEVRIES X HET BY LEER DWS STAANDE MAG NAVRAE GEDOEN
IVM WERK EN HET BAIE GOEIE AANBOD GEKRY X SALARIS MISKIEN
[illegible] BIETJIE ONDER GEMIDDELD TEEN R200 PM MAAR ANDER
VOORDELE MAAK OP DAARVOOR X EGTER BAIE GOEIE VOORUITSIGTE X
BEGIN AS VELDKORNET OU BENAMING LUITENANT X NA AGT JAAR DIENS
OUTOMATIES_E BEVORDERING NA KOMMANDANT X DIT IS EEN RANG HOER AS
MAJOOR X VOLGENDE RANG DAN KOLONEL DUS IS DIT EINTLIK
TAAMLIK SENIOR POS X WAG NOG OP ANTWOORD VAN PRETORIA STADSRAAD
EN SAL EERS BAIE LATER FINAL BESLUIT X SAL WAARSKYNLIK TELAAT
AANKOM VIR NA UURSE STUDIES HET DUS BAIE TYD VIR VAKANSIE X
VERDERE STUDIES SAL [illegible] IN IEDER GEVAL AFHANG VAN
NUWE WERKGEWER SAL DUS VOLGENDE JAAR ONTSPAN EN NUWE VRIENDE
MAAK X HET VERLEDE DONDERDAG OPROEP GEHAD MAAR GEEN ANTWOORD
GEKRY NIE X HOOR NIKS MEER VAN MONA DUS DAN EINDE VAN DAARDIE EPIS-
ODE X ALLES VERDER OK
LIEFDE
HUUB

NNNN

8 AUG 1966

ZCZC CLDO28 15.04
LETTER CZANIK SANAE
ADDRESS 32
BESTE FAMILIE
TENSPYTE VAN SONNIGE WEER RAAK DIT AL HOEKOUER X HIERDIE
WEEK WAS DIT MINUS 46 C VIR KORT RUKKIES IS DIT LEKKER MAAR
NA PAAR UUR BUITE RAAK DIT KOUD X DIE TWEE ASAHIS WAT AANGEPAS
IS VIR KOUE TOESTANDE DWS SEAN DIE LEIER SYNE EN MYNE IS
TOTAAL ONBRUIKBAAR ONDER HIERDIE TOESTANDE X MYNE BEGIN AL
BY VRIESPUNT ONEGALIGE SLUITERWERKING TOON X ONS IS AL TWEE
ONTEVREDE EN IS VAN PLAN OM VAN HAMPO NUWE KAMERAS TE EIS X
BYAANKOMS TERUG X NOU WONDER EK OF PA NIE DALK DIE SAKIE
KAN VOORLE BY IEMAND WIE HY DALK DAAR KEN NIE X EK DINK HUDLE
SAL TEGEMOETKOMEND WEES X WATONS EINTLIK VIR HOOP IS DAT
HULLE TWEE NUWE KAMERAS MET DIE SKIP SAL AFSTUUR X EK SAL
BAIE BLY WEES AS ONS NOG VOOR DIE EIND VAN DIE MAAND NOG
IETS KAN HOOR WANT DAARNA VERTREK ONS BERGETOE X VERDER
GEBEUR DAAR NIE BAIE NIE X VERLANG AL KWAAI HUIS TOE MAAR
HET GELUKKIG BERG TRIP OM NA UIT TE SIEN
LIEFDE




29 AUG 1966

ZCZC CLD032 12.03
LETTER CZANIK SANAE

ADDRESS 32

BESTE FAMILIE
ALLES NOG GOED OP SUIDPOOL X BUITE LEWE HIER KLINK ERGER
AS WAT DIT IS X VRIESBRAND IS WEL ONGEMAKLIK MAAR HET GEEN
BLYWENDE EFFEK X TRIP IS BIETJIE VERTRAAG AGV GEBREEKTE SLEES
SAL DUS IN WARMER WEER RY X VANAF NOV IS TEMP SELDE ONDER MINUS
20 EN DUS OK X SUKKEL SOMS OM MUSKEG AAN DIE GANG TE KRY X ONS
GEBRUIK DAN BLAASVLAM OM VERGASSER WARM TE MAAK X GOOI OOK PETROL
BY OLIE OM DUNNER TE MAAK X GOOI DAN BIETJIE ETER IN VERGASSER
EN TREKKER VAT MEES_AL MAKLIK X BEKOMMER NIE OOR BETREKKING
VOEL NOGAL LUS VIR WEERMAG X HET NOG STEEDS HOOP VIR VERDERE
STUDIES X HET GEHOOR PRYS VAN TWEED_EHANDSE MOTORS IS HOER X
LAAT WEET ASB WAT IS PRYS VAN TWEEDE HANDSE RAMBLER VAN TUSSEN
1959 EN 1962 X NEEM BAIE FOTOS MAAR KLEURFILM RAAK SKAARS X
GROETE AAN ALMAL

LIEFDE
HUUB

NNNNZCZC CLD025 15.07
LLTTER CZANIK SANAE

ADDRESS 32 RPT 32-

13 SEP 1966

BESTE FAMILIE

ALLES NOG GOED OP SUIDPOOL X
GAAN NIE MEER SAAM BERGE TOE NIE DAAR IS TE VEEL WERK BY DEI BASIS VIR MY X
IS JAMMER DAT EK BERGE NIE SAL SIEN NIE MAAR AAN ANDERKANT VERBETER DIT MY KANSE OM MY PROGRAMME SUKSESVOL TE MAAK X
SAL OOK BAIE MEER OPMETINGS WERK KAN DOEN X
TENSPYTE VAN DIE TELEURSTELLING DINK EK DIS BAETER SO X
HET HIERDIE WEEK FANTASTISISE AURORA GESIEN WAT ~~HIEEEE~~ HELE HEMEL BESLAAN HET
HET VERLEDE WEEK PROBEER OM ~~RUURDS EEEED~~ RUURDS TE KONTANK
KONDISIES HET BAIE VERBETER X
SAL DUS WEER KAN PRAAT X
MIS VROULIKE GESELSKAP BAIE SAL MISKIEN GOEIE PLAN WEES AS JULLE GESKIKTE PENMAAT KAN KRY X
HET NOU BAIE GELEENTHEID VIR SO ITS X
MY ~~KAMERAAEEE~~ KAMERA IS GEKOOP BY EDRICH VAN RYNEVELD STR STLLENBOSCH X
KAMERA NOMMER 659036 LENS NOMMER 1145387 IS AAN MY VERKOOP AS ARCTIC MODEL OP AANBEVELING VAN HAMPO X
GEESLUITER PROBLEME ONDER VRIESPUNT X
KAVANAGH SE KAMERA NOMMER 659131 LENS NOMMER 1167432 GEE SLUTTER EN SPIEEL MOEILIKHEID BY MINUS 40 C X
KAMERA DIREK BY HAMPO GEKOOP X
IS ALTWEE TELEURGESTELD VERAL EK X
WAS UIT BY MINUS 48 C IS KOUDSTE TEMP VANJAAR IS OK VIR KORT RUKKIE X
SIEN UIT NA WARM SOMER X
LIEFDE
HUUB

98

NNNNZCZC CLD026 14.29
LETTER CZANIK SANAE

ADDRESS 32 RPT 32

3 10 1966

BESTE FAMILIE

ALLES NOG OK HIER HET NOU ANDER PROGRAM OORGENEEM VAN OU WAT IN MY PLEK BERGE TOEGAAN X SAL NOG VIR PAAR WEKE NAGSKOF WERK X BEGIN NOU EERS AGTERKOM HOE SIELDODENT NAGSKOF EINTLIK IS X HET KAMERA SELF OOPGEMAAK EN ONTOLIE EN WERK NOU BAIE MOOI X LENS SE DIAFRAGMA MOES OOK MET SPESIALE OLIE BEHANDEL WORD EN WERK NOU BAIE LEKKER X WEER RAAK NOU BAIE MOOI ERGSTE KOUE IS VERBY X HET BESLUIT OM MAAR KLEIN MOTOR TWEEDEHANDS TE KOOP X GROOT KAR TE DUUR OP ONDERHOUD X HET PENMAAT GEKRY BY JOOP SAL MISKIEN BIETJIE MINDER VAN MY HOOR X SIEN BAIE UIT NA TOER IN REPUBLIEK HOOP OM GROOT DEEL VAN LAND TE SIEN X HET NET GENOEG WERK IN KOMENDE MAANDE OM MY LEKKER BESIG TE HOU TYD SAL DUS VINNIG GAAN X BEHALWE EKSTRA PROGRAM MOET EK LANDMEET WERK DOEN HONDE VERSORG GEBOUE INSPEKTEER EN INGENIEURS VERSLAG OOR BASIS OPSTEL X HET IN WINTER MAANDE TENEERGEDRUK GEVOEL OOR MONA EN PROGRAM MAAR DIT HET MET NUWE WERK EN KOMS VAN SOMEN VERDWYN X GROETE AAN ALMAL


LIEFDE
HUUB

21 NOV196

ZCZC CLD020 11.16
LETTER CZANIK SANAE
ADRESS 32 RPT 32
BESTE FAMILIE

ALLES NOG BAIE GOED HIER X
HET HIER HITTEGOLF TEMP MAAR NET PAAR GRADE ~~GGRDEE~~ ONDER NUL X
HET VANMIDDAG IN SWEMKLERE LE EN SONBRAND X
SPEEL OOK KWAAI GHOLF X
HET PAAR MOOI DAE BY KUS GEHAD SEE IS OOP EN ONS HET VERKENNINGAWERK
GEDOEN ASOOK OPMETING X
HET PAAR UNIEKE FOTOS GENEEM X
DAAR HEERS NOG ONSEKERHEID OOR SKIP SE AANKOMS ONS VERWAG EGTER
OM NAASTEBY MIDDEL FEBRUARIE AAN TE KOMX
WERK VORDER GOED TYD GAAN VINNIG VERLANG EGTER BAIE HUISTOE X
HET JOB BY PRETORIA MUNISIPALITEIT VOORLOPIG AANVAAR X
SALARIS IS GOED BEGIN MET R234 EN NA SES JAAR IS EK OP R414
PER MAAND
SAL NIE ANGLIA KOOP NIE DINK EK KAN CITROEN KRY VIR DIESELFDE
PRYS X
SAL VOLGENDE JAAR ONTSPAN MET STUDIES SAL IN 1968 EEN VAN TWEE
KURSUSSE LOOP X
AS MY AMBISIES EN YWER HOOG IS SAL EK MBA LOOP ANDERS SAL DIT
DIPOLMA IN STADSBEPLANNING WEES X
WIL OOK EERS UITVIND WAT DIE BESTE GAAN BETAAL X
WIL NOG GAAN TOER IN MAART VOLGENDE JAAR LAAT WEET ASB HOE DIT
U PAS ANDERS GAAN EK VROEER WERK X
SE GELUK AAN OOM LACY

LIEFDE
HUIB



**Boven: De Zuidpool is het domein van de pinguïns, die door hun goed georganiseerde „samenleving" ons mensen nog steeds verbazen.**

30

NNNNZCZC CLD020 10.52
LETTER CZANIK SANAE
ADDRESS 32 RPT 32
BESTE FAMILIE
DANKIE VIR PAKKIE VERAL DIE FILM WAS BAIE ~~[illegible]~~ VERDER ALLES GOED
DANKIE VIR PAKKIE VERAL ... NAASTEBY 20 FEBRUARIE KAAP AANKOM
WELKOM SAL NAASTEBY 20 FEBRUARIE KAAP AANKOM
LIEFDE
HUIB

POST OFFICE TELEGRAPHS—POSKANTOORTELEGRAAFDIENS. T. 27.
This form and envelope should accompany any enquire.
Hierdie vorm en koevert moet alle navrae vergesel.

G.P.S. No.

RECEIVED
ONTVANG

OFFICE STAMP / KANTOORSTEMPEL

* ZSC31 RSA/ZSLP 22 14 0900Z VIA CAPETOWNRADIO =

1126 C Z NIK GLENEAGLESWEG 17 GREENSIDE

JOHANNESBURG =

SENT / OORGESEIN

WORDEERSKOMENDE VRYDAG IN KAAP VERWAG LAAT WEET ASSEBLIEF VIR JOOP EN

KYKJEN ALLES VERDER GOED = HUVB +

17 HUVB + ZSC31 ~~JH-482 AAA~~ KJH-482 AAA

# WELKOM

# TUIS

POST OFFICE TELEGRAPHS—POSKANTOORTELEGRAAFDIENS. T. 27.
This form and envelope should accompany any enquire.
Hierdie vorm en koevert moet alle navrae vergesel.

G.P.S. No.

RECEIVED
ONTVANG

OFFICE STAMP / KANTOORSTEMPEL

CTF74 DA0214 OANDALE 17 17 1245 =

1309 MEV J CZANIK GLENEAGLESWEG 17

GREENSIDE JHBURG =

SENT / OORGESEIN

HET VANDAG GELAND EN BEHOORT MAANDAG TUIS TE WEES = HUUB +

~~17 CTF74 + JH-486 BBB~~

FEBRUARY 17 1967

# After one year on ice



Sporting beards and shoulder-length hair are members of the South African Antarctic team who arrived in Cape Town today aboard the RSA. From the left (standing) are: Dr. Johan Schoonees, Mr. Rudolf van den Heever, Mr. Eddie de Ridder, Mr. Sutse Verbeek, Mr. Harold Poole, Mr. Fanie Venter, Mr. Durand Barnard, Mr. Sean Kavanagh. Middle row, from left: Mr. Jan Smith, Mr. David Herman, Mr. Horst [illegible], Mr. Willie van [illegible]. Front: Mr. Henry Fulton and Mr. Hank Gusik.